AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Gevorderde Diploma in Projekbestuur

NKR-vlak 7 | 130 krediete | SAQA ID: 99024

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005

*Die **Gevorderde Diploma in Projekbestuur** dien as 'n basis vir verdere studies met die oog op die bestuur en lei van projekte binne die werkplek. Hierdie kwalifikasie is omvattend en van toepassing op beide internasionale en nasionale kontekste. Dit is 'n ideaal vir programbestuurders, projekbestuurders, IT-projekbestuurders of enigeen wat dag-tot-dag take bestuur, en vul voltooide studies met insiggewende, praktiese vaardighede aan.*

Toelatingsvereistes

'n Geakkrediteerde driejaarkwalifikasie op NKR-vlak 6 OF gelykstaande/hoër kwalifikasie.

Praktiese werkervaring in 'n veld wat met die vlak 6-kwalifikasie ooreenstem sal voordelig wees.

Tydsduur van program

Die program moet in een jaar voltooi word.

Kontaksessies

Kontaksessies en e-leer-tutoriale is verpligtend en word by twee studiesentrums, naamlik Centurion en Bellville, aangebied. Studente moet agt kontaksessies op Saterdae by hulle geregistreerde studiesentrum bywoon. Raadpleeg die jaarbeplanner in hierdie verband.

Deelname hieraan word gemonitor en dit maak deel uit van die verpligte klasbywoningvereistes.

Assessering

- Deurlopende formatiewe assessering bestaan uit groepsopdragte, individuele opdragte en een toets per module.
- **Let wel:** Studente se jaarpunt word uit formatiewe assessering bereken.
- Projekplanportefeulje: 'n Omvattende individuele projekplan wat deur die loop van die jaar opgestel word, word ingedien. Hier word inhoudelike toedeling aan elke module bepunt. Individuele voorleggings van die projekplanne word dan aan 'n paneel gedoen om die finale summatiewe assesseringspunt te bepaal.
- 'n Finale punt (formatief en summatief) van 50% moet vir elke module behaal word om die program te slaag.

Modules

- Inleiding tot Projekbestuur (PMI)
- Korporatiewe Projekbestuur (CPM)
- Projekuitvoeringbestuur (PEC)
- Projektydbestuur (PTP)
- Projekkostebestuur (PCM)
- Projekgehalte- en Risikobestuur (PRQ)

Programkoste: R34 995

Aansoekgelde

Nie terugbetaalbaar of ingesluit by programkoste nie.

Nuwe aansoeke (voornemende studente)	R250
Laat herregistrasie (huidige studente)	R500

Voornemende studente wat nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie kan navraag doen oor alternatiewe vereistes, insluitende **Erkenning van Vorige Leer** en **Kredietakkumulasie en -oordrag**, om toelating tot die kwalifikasie te bekom.

Vir meer inligting skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos aan navrae@akademia.ac.za